

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

ds. PJ Kriel

19.07.2016

Inhoud. Hierdie preek verduidelik wat beteken dit dat ons ons kruis moet dra. Dit beteken dat ons innerlik en openlik weer aan die werklike bedoeling en plig van God se wet gebind is. Ons word verlos van die vernedering om God met ander take, pligte, eise en bedoelings te vereer as die wat God eis, omdat ons daarvoor te geskend sou wees. Christus bind ons hieraan omdat Hy in ons plek gebreek en uitgedoof was as sondaar. Omdat Hy hierdie kruis dra, kan ons die kruis dra van die eer om God se regte wet te onderhou.

Skriflesing Matt. 1:21-3; 5:17-22, 27,28; 12:17-21; 15:2-6; 16: 24-25.

Teks Matt. 16:24 “As iemand agter My aan wil kom. moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg.”

Tema: Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Hierdie is die tweede preek in die reeks waarin ons kyk na wat dit beteken om agter die Here Jesus Christus aan te kom. Verlede week het ons gekyk wat beteken die nuwe gehoorsaamheid aan God se wet in die oproep dat ons Jesus Christus moet volg. Vandag kyk ons na wat beteken dit om ons kruis te dra.

Kruisdra gaan oor die nuwe gehoorsaamheid aan die wet van God omdat Jesus Christus God is wat vir ons die gekruisigde mens is. Kruisdra gaan oor die nuwe gehoorsaamheid aan die wet van God omdat God ons Verlosser is.

1.Ons het al gewoon geraak aan die wanopvatting dat gesag en liefde twee verskillende sake is. Dit hoor 'n mens baie in die woorde: “Jy is te hard met die kinders!” of “Jy is te hard met die kind!”

Wat gebeur as 'n ma, of enige ander pleitbesorger, dit op hierdie manier sê: “Jy is te hard met die kind”? In ons gemoed beteken dit die pa sê sy kind sleg of veroordeel hom vir iets wat die kind nie kan doen of waarvoor die kind nie help nie. Die pa onderdruk en mishandel die kind deur van hierdie kind iets te verwag wat die kind nie kan doen nie.

Dit is waarvoor 'n pa gewoonlik verwytd word in hierdie sin: “Jy is te hard met hierdie kind!”

2. Op hierdie manier het liefde en gesag in ons gemoed al twee heeltemal verskillende sake geword.

Die pa word gewoonlik die simbool van gesag. Waar hy met gesag eise en verwagtinge stel, is hy dan die simbool van veroordeling van onvermoëns of onderdrukking deur eise te stel wat onbillik is.

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Die ma, of enige ander pleitbesorger teenoor gesag, word dan simbool van begripvolheid, deernisvolheid, liefdevolheid en die beskerming van kinders teen die eise en verwagtinge wat in en met gesag teenoor die kind gestel word.

Pa is die onderdrukker! Pleitbesorgers is die verlossers!

Maar is dit waar?

Kan dit waar wees dat wanneer 'n pa aan sy seun die verwagting en eis stel om op die plaas te help met

- die regte ploeg en skoffel van lande,
- die regte die plant en snoei van bome en
- die regte oes van die vrugte,

dat hierdie taak, plig, eis en roeping hierdie pa aan sy kind stel dit hierdie pa sy kind se onderdrukker maak?

Kan dit waar wees dat 'n ma wat 'n seun wat so sukkel op die lande, blase op sy hande kry, deur die son verband word en moeg en uitgeput word deur die veeleisendheid van hierdie take, verlos wanneer sy vir hom roep om hierdie bedryf te los en vir haar eerder met tuinwerk te kom help waar dit nie so veeleisend is nie?

Is dit vir 'n seun verlossing of vernedering? Is só 'n ma vir 'n seun sy verlosser van sy pa of sy onteerder deur hom van sy pa en sy doel te vervreem?

3. Dit is die geweldige deurbraak wat plaasvind in die geboorte van Jesus Christus in Matteus een.

God met ons, is ons Verlosser!

Jesus Christus die Here, is self God wat met ons is en Hy self, God, is ons Verlosser. God is nooit ons onderdrukker waarvoor ons 'n verlosser nodig het nie.

Hoe God self ons Verlosser is, word in Matteus 12 aangekondig. Jesus Christus is God wat Dienaar is. Hy is die Een wat die Gees van God as gawe gee. Hier word na die Abrahamsbelofte verwys soos dit in die profete saamgevat word in Eseg. 36:24 – en Jer. 31: 31-;

Dit gaan oor die belofte dat God sy Gees aan ons sal gee en God sal maak dat ons sy gebooie kan en wil gehoorsaam. Dit gaan oor die reg en geregtigheid van God se wet wat die Here vir sondaars sal vervul en sal laat seëvier. (verse 18 en 20.)

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Dit is die wyse waarop die Here deur sy lyding, kruisiging en sterwe ons aan 'n oorvloedige geregtigheid sal laat deel kry. (Matt. 5: 20.) 'n Geregtigheid wat meer as die geregtigheid van die Fariseërs en Sadduseërs.

Watter mense laat Jesus Christus se geregtigheid meer wees as die van die Fariseërs? Watter mense sal Jesus Christus meer gehoorsaam aan God se wet maak, as wat Fariseërs aan God se wet gehoorsaam is?
Riete wat geknak is! Lampe wat rook terwyl hulle lig maak!

4. Dit is die wonder wat Jesus Christus vir sondaars bewerk. Hy self is God met ons en Hyself is ons Verlosser.

Verlosser van wat?

Hy is die Verlosser wat riete wat geknak is nie breek nie. Hy is die Verlosser wat lampe wat rook terwyl dit lig maak, nie uitdoof nie.

Dit is die wonder van die kruisiging van Jesus waarmee Hy ons voor gaan wanneer Hy sê ons moet agter Hom aankom.

Hy, Jesus Christus is die riet wat nie geknak was nie, maar in ons plek gebreek was. Hy het geen innerlike gekrenktheid of gekneldheid van 'n gebroke sondige natuur gehad nie, maar is deur God gebreek in die plek van hulle wat 'n sondige aard het!

Hy, Jesus Christus is die lamp wat nie gerook het nie, maar as 'n lamp wat rook uitgedoof is. Hy het geen bybedoelings in sy liefde en toewyding aan God en sy naaste gehad nie, maar Hy is godverlate verwerp as 'n sondaar wat met sondige bedoelings geleef het.

5. Hoekom?

Sodat Jesus Christus die Here, God met ons, geknakte riete en rokende lampe kan wees!

Ons mag nooit die misgissing maak asof Jesus se Verlossing ons geknakdheid of ons rokerigheid wegvat nie. Dit is juis die teendeel. Terwyl ons so is maak Hy dat ons vir Hom en sy diens reg is, in ons geknakdheid en rokerigheid.

Reg in sy diens omdat met sy kruis Hy dit Een was met wie God volgens Jesaja getwis en geskreeu het, sodat God nooit weer met my in my geknakdheid en rokerigheid in sy diens sal twis en skreeu nie.

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Reg in sy diens omdat Jesus Christus my met sy kruisiging voorgaan en waar ek in die geloof agter Hom met die kruis wat Hy dra aangaan, sal ek nooit vir my geknaktheid en rokerigheid veroordeel of gestraf word nie.

Hy gaan my hierin voor as die gebreekte riet en uitgedoofde lamp!

So laat Hy my reg wees in die diens van God! Hy laat my in sy oorfloediger geregtigheid deel, sy geregtigheid as mens. Hy laat my in my eie gebrokenheid vir God se diens reg wees.

6. Hoe verander dit só 'n mens se lewe?

Geknak en rokerig, maar deur Jesus Christus wat God met my is, in God se liefde, genade, goedheid, lankmoedigheid en barmhartigheid ingesluit!

Geknak en rokerig, maar deur Jesus Christus wat my as gekruisigde Here voor gaan, in God se diens gestel en deur God in hierdie diens geregverdig is!

Dit bewerk hierdie wonder vir sondaars! God bind sulke mense, geknak en rokerig, weer innerlik

- aan die regte bedoeling van God in sy wet, sy wil;
- aan die regte take van die wat van God in sy wet, sy wil as God;
- aan die regte eise van die regte wil van God, sy wet;
- aan die regte roeping van die wil van God in sy wet en
- aan die regte wysheid van God vir die regte lewe binne sy skepping in sy wet.

Wie word aan hierdie regte wil van God in sy regte wet gebind?

Mense, geknak en rokerig! Hulle wat nog sondige neigings in hulle het en innerlik gekrenk is deur die sondige neigings van ander. Hulle wat altyd sukkel met hulle eie bybedoelings in hulle diens aan God.

7. Dit is presies wat die Here openbaar in die Bergrede in Matteus 5.

Hy wys aan hulle wat Hy voorgegaan het met sy kruisiging vir hulle sonde en hulle aan sy geregtigheid as mens laat deel, hoe hulle hul kruis moet dra!

Kruisdra beteken dat hulle weer innerlik met vreugde en liefde gebind is aan die regte wet van God soos dit bedoel is om God se wet te wees.

Die Bergrede word die meeste van die tyd verkeerd verstaan asof Jesus God se wil meer radikaal maak of asof Jesus 'n meer ywerige wetsonderhouding vir sy dissipels instel as die van die Fariseërs.

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Dit is nie waar nie. Jesus Christus is God wat gelowiges weer aan die wet van God soos dit bedoel is as die wil van God verbind. Dit is totaal iets anders as wat alle mense uit alle kulture, volke en nasies mee besig is as hulle met die wet van God besig is. Hulle maak dit menslike reëls, van mense en vir mense volgens menslike bedoelings.

Jesus Christus verbind ons aan hoe Hy as God wil hê ons vir Hom as God moet leef.

Dit is die verskil tussen regte respek vir lewe, waar ek innerlik en openbaar verbind is tot 'n respek waar ek weet ek die wil van God oortree indien ek 'n mens minag en beledig wanneer hy my te na kom. Binne de wet as God se wil mag ek nie my naaste minag en beledig nie. Wanneer die wet 'n menslike wet word dan is respek vir die lewe net iets wat volgens die wette van die land en owerheid bepaal en afgedwing word.

Net so met innigheid tussen man en vrou. Binne die wet as menslike wet mag jy nie buite die huwelik rondslaap nie. Binne die wet van God as God se wil mag jy nie teenoor God iemand anders as jou vrou bekyk en begeer nie.

Jesus Christus die Here is God wat jou aan die die regte wet soos God se wet bedoel is om te wees, verbind. Jesus Christus is God wat jou verbind aan

- die regte doel
- die regte taak
- die regte plig
- die regte roeping
- die regte bestemming
- die regte wysheid

van die wet van God soos dit God se wil vir ons lewe is.

8. Dit is die kruis wat Jesus Christus as Verlosser geknakte riete en rokende lampe aan verbind.

Omdat Hy as Here self die gebreekte riet was, verbind Hy geknakte riete aan die kruis dat ons aan die regte wil van God verbind is. Hy wat ons as God aan sy wil verbind, is ons Verlosser.

Hy sal nie twis en skreeu wanneer geknakte riete en rokende lampe nie self aan hierdie eis voldoen nie. Hy self is die een wat in hulle plek aan hierdie eis voldoen het.

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Hy dra die kruis van die straf en die eis van volmaaktheid van die wet sodat ons weer aan die regte wet van God as lewenswyse verbind kan en wees en innerlik daarin verbind kan leef.

9. Nou waarvan verlos die Here ons dan?

Hy verlos ons van die geestelikheid om God se wet te verontagsaam met eie selfopgemaakte menslike reëls in die plek van die regte wil van God in sy regte wet.

Hy verlos ons van geestelikes wat ons só liefhet dat hulle ons van God se gesag wil verlos.

Hoe werk hierdie geestelikheid waarvan Jesus Christus ons verlos? Dit het ons in Matteus 15 gelees!

In hierdie goddelose mentaliteit voel mense altyd dat God te hard met sy kinders is! God is te hard en mag nie so hard wees om hulle aan die werklike taak, die werklike plig, die werklike roeping, die werklike bestemming, die werklike doel en wysheid van sy wil te verbind nie. In hierdie goddelose mentaliteit voel hulle God moet 'n liefde hê en vind waar Hy mense nie meer aan sy werklike gesag as God verbind nie. In hierdie goddelose mentaliteit kan God nie werklik 'n liefdevolle God wees wanneer Hy mense aan die volle gesag van sy wet verbind nie!

Daarom skep hierdie goddelose geestelikheid 'n nuwe liefde vir God wat anders is as die verbintenis tot die werklike bedoeling van sy wet. Dit is hoe die Fariseërs kon besluit dat jy die geld waarmee jy jou ouers moet versorg kan gebruik vir die "kerk" en dan nie meer jou ouers hoef te versorg nie. In vandag se taal sal dit iets wees soos "Ek gee my bydrae vir die kerk vir welsyn." Met welsynswerk is jy verskoon van die instandhouding van die kerk!

Want om die regte plig, taak, roeping en bestemming van die wet as lewenswyse op te neem is te veel: jy moet welsynswerk en die instandhouding van die kerk ondersteun!

Dit is hoe geestelikes sommer kan besluit dat mense nie aan die volle eis van God se wet verbind kan wees nie, omdat mense geknakte riet en rokende lampe is. Hulle hou voor dat wanneer God jou hieraan sou bind, Hy as God jou sal breek en uitdoof!

Dit is die diep verskuiwing wat gemaak word wanneer God se liefde en gesag geskei word: hulle hou voor dat God jou breek en uitdoof wanneer Hy jou aan die regte wet verbind soos God dit sy wil laat wees, terwyl breek en uitdoof in God se Woord gaan oor God wat met jou skreeu en twis omdat jy geknak is en 'n rokende lamp is.

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Hoe kan God so verbeeld en geglo word? Jesus Christus is God met ons. Hy is die gebreekte riet, nie ons wat geknak is nie. Jesus Christus is God met ons. Hy is die lamp wat uitgedoof was, nie ons wat rokende lampe is nie!

10. Hoe kan hulle Jesus Christus wat ons die kruis gee om aan die regte wil van God verbind te wees, verwyt as te hard met sy kinders?

Kom ons kyk weer na ons voorbeeld!

Wie ken die onvermoëns en swakhede van sy kind beter as die pa wat saam met sy kind in die lande werk? Niemand nie!

Hoekom hou hy hierdie kind op die land verbind aan die eise van die regte produksie? Want dit is sy liefde waarin Hy sy kind vashou: die eer om met die regte eise van die regte lewe besig te wees, terwyl daar nie 'n getwis en geskreeu is omdat die kind daarmee sukkel nie.

Kan 'n ma 'n seun van so pa verlos?

Wat noem 'n mens dit wanneer 'n ma die blase op die hande, die brand op die vel en die moegheid in die gees en liggaam van so seun wil sien nie en hom dan van die pa op die lande wil wegvat om saam met haar 'n bietjie in die tuin te gaan werk? Werk wat geen geld inbring, nie regte produksie is en waar daar geen swaarkry is nie!

Is dit die seun se verlossing of is dit sy skande, om so van die werklike en regte eis van werksaamheid, "verlos" te word ?

11. Jesus Christus is God met ons, ons Verlosser wat die gebreektheid van ons geknaktheid self gedra het, sodat Hy ons nooit in ons geknaktheid ooit sal breek nie!

Jesus Christus is Gog met ons, ons Verlosser wat in ons plek uitgedoof is sodat Hy ons as rokende lampe nooit sal uitdoof nie!

Niemand kan ons meer liefde, meer barmhartigheid, meer goedheid, meer lankmoedigheid en geduld bewys as Hy wat ons Here en God is nie. Mense wat hulle as hulle solidêr verklaar met ons geknaktheid en rokendheid, sal nooit in ons plek vir ons die gebreektes en uitgedoofdes wil wees nie!

Ons volg Hom wat in ons plek gebreek en uitgedoof is, nie hulle wat hulle self met ons in ons swakheid solidêr verklaar nie!

Jesus Christus is God ons Verlosser daarom is ons plig ons eer.

Hy laat ons ons eie kruis opneem: die eer om ons aan die regte wil van God te kan en mag verbind, die eer om ons in die regte wil van God elke dag te oefen.

Ons wil hierdie swaarkry hê en hierdie swaarkry ons eie laat wees. Ons wil sukkel met die regte taak, plig en bedoeling van God se regte wil!

Ons wil in die verootmoediging leef om daarin ons eie swakheid te vind en ons daarvoor voor God te bly verootmoedig.

Ons wil sukkel met ons eie sondige neigings en God ten spyte daarvan volgens sy regte wil te eer!

12. Want ons kruis is ons trots! Ons plig is ons eer!

Die skande om nie aan ons regte taak, plig, roeping, bestemming en doel gebind te wees nie, kan nooit weer ons eie wees in die gekruisigde Here wat ons voorgaan en ons gebrokenheid vir ons in ons plek dra nie.

Ons wil agter die Here en God aangaan deur sy regte wil as die regte eis van God in ons lewe te aanvaar. Ons wil vir altyd daarmee sukkel.

Ons het geen ander verlossers nodig nie!

Ons wil nie van die eer verlos word om God se regte wil as ons kruis te dra nie. Ons wil nie in die skande verval om God te eer met 'n geestelikheid wat ons vry maak van die regte wil van God nie.

Ons soek nie geestelikes se begrip en solidariteit met ons so asof hulle meer deernis vir ons geknakdheid het as die Here wat in ons plek gebreek is nie. Ons soek nie hulle begrip so asof ons ons eer moet sien as ons ellende nie. Hulle gewaande solidariteit met ons is vir ons 'n skande!

Ons het Jesus Christus wat God met ons is en Hy is ons Verlosser: ons plig teenoor die regte wil van Hom as God is ons eer! Dit is ons kruis wat ons wil dra. Sy kruis kan nooit ons ellende wees nie!